# 2 000 Wes-Kaapse biblioteekgebruikers stem!

# 100 beste boeke van die dekade

PIETER HUGO
**Assistentdirekteur: Metropool Beheerarea**

Nommer een op die lys van 100 Beste Boeke van die Dekade in die Wes-Kaap is . . . nie soos wat 'n mens sou verwag het, 'n internasionale topverkoper nie, maar . . . 'n Afrikaanse boek. Boonop is dit nie 'n gewilde roman nie, maar . . . bo alle verwagting, 'n nie-fiksie boek:

**Dis ek, Anna**, deur Elbie Lotter, het loshande die eerste plek ingeneem. Dit is insiggewend dat **Thula-thula**, 'n roman deur Annelie Botes, 'n sterk derde plek inneem met **Vaselinetjie**, deur Anoeschka von Meck, 'n kortkop agter in die vierde plek. Al drie hierdie boeke het hartverskeurende temas.

Nommer twee op die lys staan in 'n spannende kontras tussen hierdie hartseer verhale. Daar is geen speurwerk nodig nie: natuurlik is dit die immer gewilde speurverhaalskrywer, Deon Meyer, met sy **13 uur.**

Waar kom die lys vandaan? Byna 2 000 biblioteekgebruikers van dwarsoor die Wes-Kaap het onlangs gehelp kies aan die beste boeke van die dekade. Meer as 700 verskillende titels is genomineer, maar net die gewildste 100 kon natuurlik die lys haal. Die meer as 500 titels waarvoor daar net een stem elk ingekom het, het noodwendig nie die lys gehaal nie, maar was tog 'n uitstekende aanduiding van hoe wyd lesers se smake verskil. Dit is hoekom biblioteke so 'n wye verskeidenheid as moontlik in voorraad moet hê.

> Byna 2 000 biblioteekgebruikers van dwarsoor die Wes-Kaap het onlangs gehelp kies aan die beste boeke van die dekade. Meer as 700 verskillende titels is genomineer

Net meer as die helfte van die lys is Afrikaanse boeke, 'n aanduiding van die geweldige opbloei in die Afrikaanse boekwêreld die afgelope dekade. Dit strook ook met die gegewe dat Afrikaanse fiksie jaar na jaar die hoogste biblioteeksirkulasie behaal in die Wes-Kaap.

Tien van die 100 boeke is nie-fiksie en sewe is jeug/tienerboeke. Verskeie reekse het in hul geheel of gedeeltelik die lys gehaal. Ek is oortuig daarvan dat as hierdie opname vyf jaar gelede gedoen is, die *Harry Potter*-reeks loshande die eerste plek sou behaal het. Nou moet 'n mens meer as 40 plekke op die lys af soek voor jy **Harry Potter and the half-blood prince** kry. Die nuwe topgewilde reeks is Stieg Larsson se *Millennium*-reeks, met sy **The girl with the dragon tattoo** in die agste plek.

Heelwat skrywers het meer as een titel op die lys. Snaaks genoeg is dit twee heeltemal uiteenlopende skrywers wat toevallig dieselfde van deel, wat nou ook die eer deel om die meeste titels op die lys te hê. Veels geluk aan Deon Meyer en Stephenie Meyer met hul vier titels elk.

O, ja, vir almal wat wonder waar Deon Meyer se nuutste boek ontspoor het, **Spoor** het wel genoeg stemme gekry, maar kwalifiseer nie vir die lys nie, want dit is ná die afsnydatum van 2009 gepubliseer.

Ter afsluiting nog 'n interessantheid. Elbie Lotter is eerste op die lys met haar **Dis ek, Anna**. Nommer 99 op die lys is Anchen Troskie se **Nooit is 'n lang, lang tyd**. Elbie en Anchen is twee skrywersname van dieselfde skrywer en op een ná het haar twee boeke die lys geopen en afgesluit.

Al die boeke op die lys is óf reeds beskikbaar in biblioteke óf in die proses van aankoop of voorbereiding.

## 2 000 WESTERN CAPE LIBRARY USERS VOTE!

### 100 best books of the decade

According to the Western Cape library users, or, at least according to the nearly 2 000 from all over the province who recently took the trouble to nominate their favourite books, the six best books of the decade are all Afrikaans.

The best position managed by an English title is seventh place: **The kite runner,** by Khaled Hosseini.

It is followed in eighth place by yet another translation that made a huge international splash, first as book and then as movie: **The girl with the dragon tattoo**, by Stieg Larsson. Of course Larsson's other two books in the *Millennium Trilogy* also appear on the list, in positions twelve and fifteen.

Usually with these general 'Best of' lists, fiction is king. It is quite remarkable that a non-fiction book appears in the number one spot

Larsson's current popularity reminds one of a certain magical series that took the world by storm a few years ago. Had this list appeared five years ago I am sure it would have been topped by the *Harry Potter* series. Now one has to scroll down past 40th place to find JK Rowling's **Harry Potter and the half-blood prince**. So it goes, in spite of new Potter movies still being released.

Speaking of movies, it is rather interesting that more than 20 of the books on the list have been adapted for the big screen. Have they been made into movies because they are such good books, or are they on the list because the movies increased their popularity?

Usually with these general 'Best of' lists, fiction is king. It is quite remarkable that a non-fiction book appears in the number one spot. The English translation of the heart-rending **Dis ek, Anna**, by Elbie Lotter, is in stock in many libraries as **It's me, Anna**.

There are quite a large number of authors with multiple titles on the list. Some authors seem to have very loyal readers. Congratulations to the two Meyers, Deon and Stephenie, for sharing top honours of having four titles each on the list.


Although there were several Xhosa titles nominated, none of them received enough votes to make it to the list.

All the books on the list are either already available in libraries or are in the preparation process.

| | | |
|---|---|---|
| 1 | **Dis ek, Anna** | Lotter, Elbie. 2004. |
| 2 | **13 uur** | Meyer, Deon. 2008. |
| 3 | **Thula-thula** | Botes, Annelie. 2009. |
| 4 | **Vaselinetjie** | Von Meck, Anoeschka. 2004. |
| 5 | **Fees van die ongenooides** | Du Plessis, PG. 2008. |
| 6 | **Tussen stasies** | Joubert, Irma. 2007. |
| 7 | **The kite runner** | Hosseini, Khaled. 2007. |











| | | |
|---|---|---|
| 8 | **The girl with the dragon tattoo** | Larsson, Stieg. 2008. |
| 9 | **Raaiselkind** | Botes, Annelie. 2001. |
| 10 | **Twilight** | Meyer, Stephenie. 2006. |
| 11 | **'n Ander ek** | Dido, EKM. 2007. |
| 12 | **The girl who kicked the hornets' nest** | Larsson, Stieg. 2009. |
| 13 | **Oros vir die siel** | Coetzer, Susan. 2009. |
| 14 | **The book thief** | Zusak, Markus. 2007. |
| 15 | **The girl who played with fire** | Larsson, Stieg. 2009. |
| 16 | **Agaat** | Van Niekerk, Marlene. 2004. |
| 17 | **Breaking dawn** | Meyer, Stephenie. 2008. |
| 18 | **Kroes** | Stamatelos, Pat. 2005. |
| 19 | **Eclipse** | Meyer, Stephenie. 2007. |
| 20 | **Swartskaap** | Schoeman, Odette. 2009. |
| 21 | **Rebecca** | Adriaanse, Wilna. 2004. |
| 22 | **New moon** | Meyer, Stephenie. 2007. |
| 23 | **Q and A** | Swarup, Vikas. 2005. |
| 24 | **Met ander woorde** | Adriaanse, Wilna. 2006. |
| 25 | **Plaasmoord** | Brynard, Karen. 2009. |
| 26 | **Spud** | Van der Ruit, John. 2005. |
| 27 | **Sabbatsreis** | Botes, Annelie. 2007. |
| 28 | **'n Stringetjie blou krale** | Dido, EKM. 2000. |
| 29 | **Stefan slaan terug** | Bergh, Hendrick. 2006. |
| 30 | **Reisiger** | Joubert, Elsa. 2009. |
| 31 | **Toorbos** | Matthee, Dalene. 2003. |
| 32 | **Atonement** | McEwan, Ian. 2001. |
| 33 | **The Da Vinci code** | Brown, Dan. 2003. |
| 34 | **Shantaram** | Roberts, Gregory David. 2004. |
| 35 | **Die boek van Ester** | Adriaanse, Wilna. 2008. |
| 36 | **Snoeiskêr** | Steyn, Piet. 2008. |
| 37 | **Onsigbaar** | Meyer, Deon. 2007. |
| 38 | **The boy in the striped pyjamas** | Boyne, John. 2006. |
| 39 | **Eilande** | Sleigh, Dan. 2002. |
| 40 | **Strooidak en toring** | De Villiers, Izak. 2009. |
| 41 | **Die ooreenkoms** | Kapp, Sophia. 2009. |
| 42 | **Harry Potter and the half-blood prince** | Rowling, JK. 2005. |
| 43 | **We need to talk about Kevin** | Shriver, Lionel. 2005. |
| 44 | **Life of Pi** | Martell, Yann. 2002. |
| 45 | **Die portier** | Stamatelos, Pat. 2009. |
| 46 | **Vergenoeg** | Van der Vyver, Marita. 2003. |
| 47 | **Ingrypende genade** | Kingsbury, Karen. 2007. |
| 48 | **The shadow of the wind** | Ruiz Zafon, Carlos. 2004. |
| 49 | **Die ander Marta** | Baker, Eleanor. 2002. |
| 50 | **Die for me** | Rose, Karen. 2008. |

| | | |
|---|---|---|
| 51 | **The elegance of the hedgehog** | Barbery, Muriel. 2008. |
| 52 | **Harry Potter and the order of the phoenix** | Rowling, JK. 2003. |
| 53 | **The lost symbol** | Brown, Dan. 2009. |
| 54 | **Custard vir die siel** | Coetzer, Susan. 2009. |
| 55 | **Gister is 'n ver land** | Breytenbach, Marlene. 2009. |
| 56 | **Tippex dit uit** | Conradie, Anne-Marie. 2004. |
| 57 | **The curious incident of the dog in the night-time** | Haddon, Mark. 2003. |
| 58 | **Thomas@geraamte.net** | Diedericks-Hugo, Carina. 2009. |
| 59 | **A thousand splendid suns** | Hosseini, Khaled. 2007. |
| 60 | **Suurlemoen!** | Jacobs, Jaco. 2007. |
| 61 | **The secret life of bees** | Kidd, Sue Monk. 2002. |
| 62 | **Eat, pray, love** | Gilbert, Elizabeth. 2006. |
| 63 | **Om vry te wees** | Kingsbury, Karen. 2008. |
| 64 | **The secret** | Byrne, Rhonda. 2006. |
| 65 | **History of love** | Krauss, Nicole. 2005. |
| 66 | **Granate bloei in Jerusalem** | Leroux-Van der Boon, Marzanne. 2003. |
| 67 | **The road** | McCarthy, Cormac. 2006. |
| 68 | **The time traveler's wife** | Niffenegger, Audrey. 2004. |
| 69 | **Die erflating** | Kapp, Sophia. 2007. |
| 70 | **Sail** | Patterson, James. 2008. |
| 71 | **En die ramshoring het geblaas** | Rivers, Francine. 2003. |
| 72 | **Die kinderdief** | Bergh, Hendrick. 2008. |




| | | |
|---|---|---|
| 73 | **Fred se storie** | Roux-De Jager, Lien. 2009. |
| 74 | **Infanta** | Meyer, Deon. 2004. |
| 75 | **Martha** | Rust, Winnie. 2004. |
| 76 | **Orion** | Meyer, Deon. 2000. |
| 77 | **Die grafte jubel** | Steyn, Esta. 2000. |
| 78 | **Stiltetyd** | Van der Vyver, Marita. 2006. |
| 79 | **Harry Potter and the goblet of fire** | Rowling, JK. 2000. |
| 80 | **The story of Edgar Sawtelle** | Wroblewski, David. 2008. |
| 81 | **Bidsprinkaan** | Brink, André P. 2005. |
| 82 | **Fleshmarket Close** | Rankin, Ian. 2004. |
| 83 | **A short history of nearly everything** | Bryson, Bill. 2003. |
| 84 | **The amazing adventures of Kavalier & Clay** | Chabon, Michael. 2001. |
| 85 | **Verkeerdespruit** | Heyns, Michiel. 2006. |
| 86 | **Vuur op die horison** | Van Rooyen, Engela. 2000. |
| 87 | **'n Wonderlike geweld** | Joubert, Elsa. 2005. |
| 88 | **Die slag van die breekbrander** | Kotze, E. 2000. |
| 89 | **'n Vurk in die pad** | Brink, André P. 2009. |
| 90 | **Wilhelmina, kampkind op Java** | Le Roux, Mariel. 2007. |
| 91 | **Night train to Lisbon** | Mercier, Pascal. 2008. |




| | | |
|---|---|---|
| 92 | **30 nagte in Amsterdam** | Van Heerden, Etienne. 2008. |
| 93 | **Soos klokslag** | Orford, Margie. 2007. |
| 94 | **My sister's keeper** | Picoult, Jodi. 2004. |
| 95 | **The bookseller of Kabul** | Seierstad, Asne. 2003. |
| 96 | **The elephant whisperer** | Anthony, Lawrence. 2009. |
| 97 | **Spud - learning to fly** | Van der Ruit, John. 2009. |
| 98 | **The corrections** | Franzen, Jonathan. 2001. |
| 99 | **Nooit is 'n lang, lang tyd** | Troskie, Anchen. 2008. |
| 100 | **Santa Gamka** | Venter, Eben. 2009. |